

---

# Nietzsche se beskouings oor die deugde van matigheid en generositeit

Marinus Schoeman

Departement Filosofie, Universiteit van Pretoria

---

## Abstract

*Nietzsche's views on the virtues of temperance and magnanimity*

The concepts of temperance and magnanimity (generosity) play a central role in Nietzsche's ethic, which is basically an ethic of virtue. In his own unique way, and in accordance with his extra-moral view of life, Nietzsche recovers and re-appropriates these virtues. Considerable attention is paid to Nietzsche's "aristocratism", which is closely tied up with his reconceptualisation ("rehabilitation") of the virtues in terms of virtù (virtuousness and vitality), to which he also refers as his "moraline-free" conception of the virtues.

According to Nietzsche, the truly noble or virtuous person is one who lives beyond resentment and feelings of remorse and guilt. He lives his life from the fullness of his own being and what he can bestow on others. Such a person is characterised, first of all, by temperance – a sense of measure and proportion.

Temperance (sophrosyne, temperantia) is one of the classical virtues, but it became deformed by the moralistic view of life; it was degraded to a gloomy, suffocating mediocrity. Temperance was presented as "asceticism, as a fight with the devil, etc." The sad result was that "the best things have been slandered because the weak or the immoderate swine have cast a bad light on them" (WP 870). However, Nietzsche does not reject the virtue of temperance. He would much rather like to "rehabilitate" or revalue this virtue in such a way as to serve his own perspective of life-affirmation and will to power.

It is important to understand Nietzsche's views on temperance, like many of the other virtues, against the background of his genealogy of morals. According to Nietzsche, the ethical distinction between good and bad did not originate with those to whom "goodness" was shown, but rather with the noble, powerful, high-stationed and high-minded, who felt and established themselves and their actions as good, i.e. of the first rank, in contradistinction to all the low, low-minded, common and plebeian. It is this aristocratic "pathos of distance" that Nietzsche seeks to rekindle and rehabilitate as the true origin of ethical life. This pathos of distance basically emanates from self-respect: "The noble soul has reverence for itself" (BGE 287). For Nietzsche this means that one should realize the greatest multiplicity of drives and form-giving forces in oneself, in the most tension-fraught but "controlled" manner. This control, the imposing of some form, is a creative, artistic activity. To lead an authentically ethical life, to become a truly virtuous person, is to realize this artistic activity in an

*intensified way – imposing a form on oneself without neglecting the multiplicity in oneself. Nietzsche also refers to this as a process of self-creation, of transforming the self into a work of art, of giving style to one's own existence. Thus we free ourselves from guilt, resentment and the rage against contingency. By giving up the demand that we, in our particularity, fit the requirements of the general category of subjectivity, we free ourselves from the "will of man to find himself guilty and reprehensible to a degree that can never be atoned for" (GM II,2).*

*Nietzsche's re-covered ethics of self-formation and self-discipline valorises the particularity and multiplicity that make the self resistant to the crippling idea of a moral, universal subjectivity. His disciplined artist sees his unruly, multiple, and particular self as the source of a singular vitality and richness he distinctively shapes. He does not seek total self-mastery (and he does not experience the vengefulness that comes with that quest) because he understands Zarathustra's observation that "one must still have chaos in one, to give birth to a dancing star" (Z P,5). It is of the utmost importance for Nietzsche that one should attain satisfaction with oneself: "only then is a human being at all tolerable to behold. Whoever is dissatisfied with himself is continually ready for revenge, and we others will be his victims, if only by having to endure his ugly sight. For the sight of what is ugly makes one bad and gloomy." (GS 290).*

*To attain satisfaction with oneself ultimately means to affirm life in its totality. This implies a life beyond resentment, i.e. a life that is characterised by generosity and magnanimity. Nietzsche glorifies magnanimity (megalopsychia, magnanimitas) as the "crown" of all the virtues. His description of it resembles Aristotle's portrait of "magnanimous man" in the Nicomachean Ethics, and can best be summarised by the following quote from The Will to Power: "It is richness in personality, abundance in oneself, overflowing and bestowing, instinctive good health and affirmation of oneself, that produce great sacrifice and great love: it is strong and godlike selfhood from which these affects grow, just as surely as do the desire to become master, encroachment, the inner certainty of having a right to everything. What according to common ideas are opposite dispositions are rather one disposition; and if one is not firm and brave with oneself, one has nothing to bestow and cannot stretch out one's hand to protect and support –" (WP 386)*

Twee van Nietzsche se groot temas, albei onafskeidbaar van sy idees van selfbeheer en selftransendensie, is matigheid en generositeit (gulhartigheid, grootmoedigheid). Die waarlik edele of deugdelike mens is die mens wat nie leef vanuit ressentiment nie, maar wat die kuns bemeester het om sonder wroeging te leef vanuit die volheid van wat hy is en wat hy aan te bied het. Hierdie mens word onder meer gekenmerk deur 'n sin vir maat.

Matigheid (*sophrosyne, temperantia*) is een van die klassieke deugde, maar dit is in die moralistiese lewensopvatting misvorm tot 'n stompsinnige, sombere en verstikkende middelmatigheid. Matigheid is voorgestel as "asceticism, as a fight with the devil, etc." Die droewige (maar voorspelbare)

gevolg van hierdie eeu lange kampanje is dat "the best things have been slandered because the weak or the *immoderate* swine have cast a bad light on them" (WP 870). Ten spyte van hierdie misvorming verwerp Nietzsche nie die deug van matigheid nie. Hy wil dit huis "rehabiliteer" of herwaardeer om dit sodoende diensbaar te maak aan sy eie perspektief van lewensbevestiging en wil tot mag.

Wat Nietzsche te sê het oor die deug van matigheid word uitstekend toegelig in 'n onlangse artikel van Paul van Tongeren in *Phronimon* (sien Van Tongeren 2001). Op gevaar af van herhaling gaan ek vervolgens slegs kortlik wys op enkele aspekte van Nietzsche se opvatting oor matigheid, waarna ek 'n meer uitgebreide behandeling sal gee van sy beskouings oor generositeit.

## I

Volgens Nietzsche vereis egte matigheid wilskrag. Dit is 'n uiting van 'n sterk wil wat, gekonfronteer met 'n veelvoud van magtige en botsende kragte, nie daarvoor terugdeins of dit probeer ontken nie, maar dit huis in 'n gees van onderlinge wedywering en spanning verwelkom. "The faith in the pleasure of moderation – that pleasure of the rider on a fiery steed! – has been lacking hitherto. The mediocrity of weaker natures has been confused with the moderation of the strong!" (WP 870). Echte matigheid beteken beheersdheid, en dit veronderstel 'n sin vir maat, vir proporsie, vir goeie smaak. Die menslik lofwaardige of voortreflike kwaliteite moet in proporsie, d.w.s. in 'n eweredige verhouding tot mekaar gebring word. "The natural delight of aesthetic natures in measure, the enjoyment of the beauty of measure, was overlooked or denied, because one desired an anti-eudamonistic morality" (ibid.). Aangedryf deur 'n neerhalende en selfvernederende opvatting van wat substantief waardevol (en onwaardig) is in hulleself, neig die swakkes en mateloses om "oor boord te gaan" met hulle fanatisme en hulle asketisme. Die egte matige persoon word daarenteen gekenmerk deur "Pleasure in forms; taking under protection everything formal, the conviction that politeness is one of the greatest virtues; mistrust for letting oneself go in any way" (WP 943).

Tradisioneel word daar in die deugdeleer onderskei tussen die deugde wat op die self gerig is en dié wat op die ander gerig is. Nietzsche handhaaf nie self hierdie onderskeid nie, maar in terme daarvan moet sy weergawe van matigheid (en ook van ander deugde soos generositeit) vierkantig binne die eersgenoemde kategorie (dié van self-gerigtheid) geplaas word. Nietzsche is bekend daarvoor dat hy deurgaans afwysend staan teenoor altruïsme (gerigtheid op die ander), en hy verag die deugde wat tradisioneel daarmee in verband gebring is. Uit sy opmerkings oor beleefdheid in die

pas aangehaalde passasie blyk nogtans duidelik dat matigheid wel betrekking het (of 'n betekenisvolle impak kan hê) op ander persone met wie Nietzsche se deugdelike/matige mens in ontmoeting tree. Aanstoms sal ons sien dat dit des te meer nog die geval is waar die deug van generositeit ter sprake kom.

Dit is belangrik om Nietzsche se beskouings oor matigheid, soos oor enige van die ander deugde, steeds te verstaan teen die agtergrond van sy genealogie van die moral. Laasgenoemde moet deurentyd in ag geneem word wanneer daar gekyk word na sy eie taksering van tradisionele onderskeide soos dié tussen goed en kwaad, deug en ondeug, altruïsme en egoïsme. Dergelike onderskeide kan volgens Nietzsche alleen begryp ("herwaardeer") word as hulle teruggevoer word na hulle punt van oorsprong (die "oer-toneel" van hulle ontstaan), en dit is vir Nietzsche die aristokratiese etos met sy patos van distansie en sy onderskeid tussen goed ("vornehm") en slek. Van belang is hier die volgende passasie uit *Zur Genealogie der Moral*:

Now it is plain to me ...: the judgment "good" did *not originate* with those to whom "goodness" was shown! Rather it was "the good" themselves, that is to say, the noble, powerful, high-stationed and high-minded, who felt and established themselves and their actions as good, that is, of the first rank, in contradistinction to all the low, low-minded, common and plebeian. It was out of this *pathos of distance* that they first seized the right to create values and to coin names for values ... The pathos of nobility and distance, as aforesaid, the protracted and domineering fundamental total feeling on the part of a higher ruling order in relation to a lower order, to a "below" – *that* is the origin of the antithesis "good" and "bad" ... It follows from this origin that the word "good" was definitely *not linked* from the first and by necessity to "unegoistic" actions, as the superstition of these genealogists of morality would have it. Rather it was only when aristocratic value judgments *declined* that the whole antithesis "egoistic" "unegoistic" obtruded itself more and more on the human conscience – it is, to speak in my own language, the *herd instinct* that through this antithesis at last gets its word (and its words) in. And even then it was a long time before that instinct attained such dominion that moral evaluation was actually stuck and halted at this antithesis (as, for example, is the case in contemporary Europe: the prejudice that takes "moral", "unegoistic", "*désintéresse*" as concepts of equivalent value already rules today with the force of a "fixed idea" and brain-sickness). (GM 1,2)<sup>1</sup>

Nietzsche se herwaardering en herwinning van matigheid asook sommige ander deugde moet, teen die agtergrond van hierdie passasie, verstaan word as 'n poging om weer iets van die verlore aristokratiese etos in die hede te laat herleef. Hy verwys dikwels na homself as 'n voorstander van "moraline free" *virtu*<sup>2</sup> (in die pre-Sokraties Griekse, Romeinse en Renaissance sin van die woord), en nie van deug ("virtue") soos misvorm en

geperverteer deur die Christendom, die Kantianisme en ander moralismes nie. En as deug – in die sin van *virtù* – toevallig ook voordele inhoud vir die “kudde” (die swakkes en die minderwaardiges), dan is dit ‘n onbedoelde gevolg wat Nietzsche heeltemal koud laat.

In hierdie opsig kan Nietzsche se herwaardering van waardes en deugde eenvoudig geïnterpreteer word as ‘n omkering sonder meer, ‘n beweging terug na die egoïsme wat gediskrediteer geraak het deur die morele opvatting van die lewe. So ‘n interpretasie is egter ‘n oorvereenvoudiging van Nietzsche se standpunt. Dit hou nie genoegsaam rekening met sekere aspekte van sy denke nie. In verskeie tekste stel Nietzsche dit duidelik dat die lang geskiedenis van die kudde-moraal nie somsaar tersyde gestel of herroep kan word nie. Of hulle dit nou verdien of nie, die kudde is tans die heersersklas en hulle beskik oor die mag om hulle waardes op almal af te dwing. Erger nog: die hoogste en edelste lede van moderne samelewings is self ook erfgename van dieselfde geskiedenis wat gelei het tot die hegemonie van die kudde, en hulle moet dus *hulleself*, tesame met die kudde, te bowe kom. Verder, op ‘n meer konseptuele vlak, word matigheid (en ook die ander deugde wat Nietzsche hoog ag) medebepaal en mede-gekonstitueer deur verhoudings tussen persone. Sommige van die “vorme” wat die matige persoon respekteer is vorme van *interaksie* (‘n mens kan byvoorbeeld nog beleefd nog onbeleefd wees teenoor jouself), en om ‘n sin vir maat en proporsie te handhaaf impliseer minstens ook gedeeltelik die vermoë van die self om homself in verhouding tot ander mense te verstaan. Die afsondering en distansiëring waarvan Nietzsche praat, moet nie te sterk in ‘n ruimtelike of territoriale sin opgevat word nie, en dit is ook slegs gedeeltelik in ‘n fisiese sin te begryp.

Die afsondering of patos van distansie wat so kenmerkend is van die edele mens, is vir Nietzsche geen doel op sigself nie. Dit maak deel uit van ‘n oorkoepelende strategie tot selfontplooiing en selfskepping, en dit kom basies voort uit *eerbied vir die self*: “The noble soul has reverence for itself” (BGE 287). Daarby beteken eerbied vir die self by uitstek eerbied vir die agonistiese en spanningsvolle veelvuldigheid wat die self in homself huisves. Dit word treffend deur Van Tongeren (2000: 240-41) soos volg verduidelik: “The German word for reverence is ‘Ehrfurcht.’ The ‘Ehrfurcht vor sich’ from section 287 is the overcoming of a ‘Furcht vor sich’ which is mentioned in section 292. It is quite normal that [one] ‘often runs away from himself, often is afraid of himself.’ It is not easy to endure this agonistic plurality (‘how many spirits do we harbor’ – BGE 227) in oneself ... It is very hard ‘to conserve oneself’ (BGE 41) when one has to safeguard the plurality one harbors and is not allowed to adhere to one particular identity or commitment, nor to one’s detachment from all attachments.” Van Tongeren haal dan die volgende gedeelte uit *Jenseits von Gut und Böse* aan wat die argument goed saamvat:

Not to remain stuck to a person – not even the most loved – every person is a prison, also a nook. Not to remain stuck to a fatherland ... Not to remain stuck to some pity – not even for higher men into whose rare torture and helplessness some accident allowed us to look. Not to remain stuck to a science – even if it should lure us with the most precious finds that seem to have been saved up precisely for us. Not to remain stuck to one's own detachment, to that voluptuous remoteness and strangeness of the bird who flees ever higher to see ever more below him – the danger of the flier. Not to remain stuck to our own virtues and become as a whole the victim of some detail in us ... One must know how to *conserve oneself*: the hardest test of independence. (BGE 41)

Egte deugdelikheid kom voort uit selfrespek, en ware selfrespek beteken om staande te bly tussen twee gevaaarlike uiterstes: dogmatisme ("overestimation of the nook in which [one] sits" – GS 366) aan die een kant, en verstrooiing en verbrokkeling ("[to] be seduced into dilettantism, into becoming an insect with thousand feet and thousand antennae ... a pied piper of the spirit, in short a mis-leader" – BGE 205) aan die ander kant (Van Tongeren 2000: 240). Om tussen hierdie gevare staande te bly verg moed en konstante waaksamheid. Dit impliseer 'n volgehoue stryd en inspanning. As sodanig bly dit '*n ideaal wat nooit volkome verwesenlik kan word nie*', en wat dus in 'n sekere sin *bomenslik* is. Miskien is dit die eintlike betekenis van Nietzsche se idee van die *Übermensch*: dit funksioneer as 'n limiet-begrip wat die hoogste vorm van menswees, die uiterste vorm van deugdelikheid aandui, en dit kan alleen maar *benader* word sonder om dit ooit volkome te bereik.<sup>3</sup> Dit is die geheimenisvolle en ongenaakbare waarheid (die waarheid van ewige "wording" en nie die waarheid van "syn" nie) wat Nietzsche wil hê ons moet erken en wat volgens hom as maatstaf moet geld vir 'n goeie en deugdelike lewe. Dít is die waarheid wat Nietzsche bedoel wanneer hy die volgende stelling maak: "the strength of a spirit can be measured by how much 'truth' it could take, more clearly, to what degree it *needed* it attenuated, veiled, sweetened, blunted, and falsified" (BGE 39).

'n Deugdelike lewe, so kan ons dit saamvat, is 'n lewe wat in die teken staan van 'n volgehoue spanning – 'n spanning wat op verskeie vlakke bestaan: Daar is eerstens die spanning tussen die self en die "ander" (ander mense, ander interpretasies of perspektiewe, maar uiteindelik ook die ganse sosio-historiese konteks waarin hy homself bevind). Tweedens is daar die spanning wat die self in homself ondervind, die spanning tussen die verskillende passies, deugde, persoonlikheidseienskappe en "identiteite" wat hy in homself huisves:

... the highest man, if such a concept be allowed, would be the man who represented the antithetical character of existence most strongly, as its glory and sole justification – Commonplace men can represent only a tiny nook and corner of this natural character: they perish when the multiplicity of

elements and the tension of opposites, i.e. the precondition for greatness in man, increases. (WP 881)

The highest man would have the greatest multiplicity of drives, in the relatively greatest strength that can be endured. Indeed, where the plant "man" shows himself strongest one finds instincts that conflict powerfully ..., but are controlled. (WP 966)

Die beheer waarvan hier sprake is moet op so 'n wyse uitgeoefen word dat dit nie die veelvuldigheid negeer en daarmee ook die spanning ophof nie. En dit is 'n groot kuns. Dit verg takt, soepelheid, goeie smaak, subtiliteit, genuanseerdheid, vindingrykheid en skeppende verbeeldingskrag – al die kwaliteite wat ons normaalweg assosieer met die wêreld van die kuns en kunstenaarskap. Van Tongeren (2000: 242) stel dit soos volg: "The highest human would realize the greatest multiplicity in the most tension-fraught but 'controlled' manner. This control, the imposing of some form, is a creative, artistic activity: 'We have *many types* in us. We coordinate our *inner stimuli as well as the outer ones* into one image or in a sequence of images: as artists."<sup>4</sup> Not only does Nietzsche recognize the realization of this ideal in some artists, as for example in Goethe and Hafiz (GM III,2), but in general he considers this to be the task of the highest human beings in our day: to realize this artistic activity in an intensified way, imposing a form on oneself without neglecting the multiplicity in oneself. Here we find the domain of art back in Nietzsche's revaluation of morality."

Van Tongeren wys vervolgens daarop dat "this art of living is to a large extent carried out in the art of disguise, the play of masks ... 'the tremendous manifoldness of practice, art, and the mask' (BGE 242)." Ek gaan nie hier verder in op hierdie fassinerende aspek van Nietzsche se filosofie en Van Tongeren se bespreking daarvan nie. Ek volstaan met enkele opmerkings van Van Tongeren (*ibid.*: 242-43): "The theme of masking is strongly present in *Beyond Good and Evil*, often explicitly related to the ideal of nobility. In part the mask will be an inevitable effect of the noble multiplicity." Die verhewenheid van edele mense is geleë in hulle gekompliseerdheid en meerdimensionaliteit. Hulle het meervoudige of meerduidige identiteite wat hulle ontoeganklik en moeilik peilbaar maak, of, soos Nietzsche dit stel: "around every profound spirit a mask is growing continually, owing to the constantly false, namely *shallow*, interpretation of every word, every step, every sign of life he gives." (BGE 40). Maar hierdie groot geeste skep self ook hierdie maskers, nie slegs omdat hulle behoeftet het aan afstandelikheid midde-in die alledaagse sosiale omgang nie (BGE 288 en 290), maar (en dit geld veral in die hedendaagse omstandighede) omdat dit hulle in staat stel "to realize this struggle between different possibilities, this agonistic multiplicity which they are. Masks are instruments to adopt an identity and at the same time not to identify oneself with this

identity but to take distance from it..." Nietzsche self stel dit soos volg: "it is characteristic of more refined humanity to respect 'the mask' and not to indulge in psychology and curiosity in the wrong place" (BGE 270).

Ek wil weer kortlik teruggaan na Nietzsche se idee van selfbeheersing as artistieke selfskepping – sy idee van *die self as 'n kunswerk*. Ek wys hier in die eerste plek op die belangrike passasie in *Die fröhliche Wissenschaft* waar Nietzsche selfdissipline in verband bring met die vermoë om "styl te gee" aan jou lewe:

*One thing is needful.* – To "give style" to one's character – a great and rare art! It is practiced by those who survey all the strengths and weaknesses of their nature and then fit them into an artistic plan until every one of them appears as an art and reason and even weaknesses delight the eye. Here a large mass of second nature has been added; there a piece of original nature has been removed – both times through long practice and daily work at it. Here the ugly that could not be removed is concealed; there it has been reinterpreted and made sublime ... In the end, when the work is finished, it becomes evident how the constraint of a single taste governed and formed everything large and small. Whether this taste was good or bad is less important than one might suppose, if only it was a single taste! (GS 290)

Hierdie selfdissipline is net vir diegene met "strong and domineering natures that enjoy their finest gaiety in such constraint and perfection under a law of their own." Hierteenoor is dit die swakker tipes "without power over themselves that hate the constraint of style" – miskien huis omdat daar geen eenvoudige kitsformule is om styl te gee aan jou lewe nie.

Om styl te gee aan jouself beteken, soos Honig (1993: 62) dit mooi stel, "to develop a signature, an individuality, by working with, reshaping, and exploring the possibilities contained in and presented by raw materials that we did not choose." Nog dieper gesien beteken dit, soos Honig tereg aandui, dat "we free ourselves of the rage against contingency by beautifying, deifying, sometimes concealing, and thereby unifying until we are satisfied with ourselves, until we have recovered ourselves by, in effect, re-covering ourselves... By giving up the demand that we, in our particularity, fit the requirements of the general category of subjectivity, we free ourselves from the 'will of man to find himself guilty and reprehensible to a degree that can never be atoned for.'<sup>5</sup> Nietzsche's re-covered self-discipline liberates us from the rage against contingency because it operates according to a principle of selectivity, because it is governed by a single taste, and because its object is particular." (ibid.)

Honig wys daarop dat, soos Kant reeds in die *Kritik der Urteilskraft* aangetoon het, die probleem van kontingensie slegs as probleem na vore tree wanneer ons probeer om die wêreld "objektief" te ken: "The process of

objective knowing subsumes particulars under general categories – concepts – that relegate the particular to the realm of the unknowable or contingent: they suppress difference. The problem of the particular, of the contingent or different, disappears if we give up on this project or explanation via subsumption. And we can do this through art." (ibid.) Waar Kant egter 'n analogie "vasstel" tussen die sfeer van die kuns (skoonheid, partikulariteit) en die sfeer van moraliteit, dus 'n versoening wil bewerkstellig tussen die twee sfere, daar sien Nietzsche in die "skone" (of die "sublieme" soos Kant dit ook noem), in die kuns, 'n *alternatief* vir die "impositional constructions of morality, just as he sees in his re-covered self-discipline an alternative to the self-discipline of the moralists." (ibid.: 63)

Hierop lewer Honig nog die volgende treffende kommentaar: "Nietzsche's re-covered self-discipline valorizes the particularity and multiplicity that make the self resistant to the formation of moral, responsible subjectivity. His disciplined artist sees his unruly, multiple, and particular self as the source of a singular vitality and richness he distinctively shapes. He does not seek total self-mastery (and he does not experience the vengefulness that comes with that quest) because he understands Zarathustra's observation that 'one must still have chaos in one, to give birth to a dancing star.'<sup>6</sup> Neither does he expect total submission. He knows that his canvas is not passive and that artistry is interactive. He is responsive to the self as he shapes it." (ibid.)

Die selfdissipline van die moraliste word daarenteen gekenmerk deur haatdraende selfontkenning, simptomaties van 'n onuitroeibare misnoegdheid of ontevredenheid met die self. Dit is waarom Nietzsche dan die volgende sê:

For one thing is needful: that a human being should *attain* satisfaction with himself, whether it be by means of this or that poetry and art; only then is a human being at all tolerable to behold. Whoever is dissatisfied with himself is continually ready for revenge, and we others will be his victims, if only by having to endure his ugly sight. For the sight of what is ugly makes one bad and *gloomy*. (GS 290)

Die kunstenaar, anders as die moralis, word nie "bad and gloomy" gemaak deur die "sight of what is ugly" nie, want hy meet homself nie aan die een of ander onbereikbare (transendent) en universele standard nie. Hy besef die wysheid van Zarathustra se vermaning:

Do not be virtuous beyond your powers! And do not ask anything improbable of yourselves! Follow in the footsteps of your father's virtue! How would you climb high if the will of your fathers did not climb with you? ... And you should not pretend to be saints in those matters in which your fathers were vicious! (Z IV,13: "Of the Higher Man" 13)

Hieraan voeg Zarathustra die volgende bemoedigende woorde toe:

